VICTOR GELDENHUYS - PROFIEL

Victor is Lewensverryking se finansiesman wat alles hanteer wat met finansies te make het: die prosessering van die debietorders, die betaling van rekeninge en salarisse, die gereedkry van al wat ‘n finansiële staat is vir Direksievergaderings en die uitstuur van die belastingsertifikate.

Victor is ‘n sterk linkerbreiner, en vele is die geleenthede wat mens op jou neus kyk as jy met ‘n breed interpreteerbare opmerking by hom uitkom. Met sy heerlike humorsin en spitsvondigheid sorg hy vir baie ligte oomblikke. Hy’s ‘n entoesiastiese hengelaar en jagter, en daarby ook ‘n papegaaiboer. Somer en winter is hy vroegmore in sy voëlhokke om seker te maak die voëls het kos en alles is reg. Hy en Rene, sy vrou, is ook al baie jare spanlede by Lewensverryking.